

Donderdag 14 April

Skrifgedeelte: Johannes 6:32-40; Johannes 1:14

Fokusgedeelte: Johannes 1:14 (AFR83)

En Hy het onder ons kom woon! Immanuel – God met ons!

Van die mooiste troosdele in die Bybel is om te lees waar Jesus eenkantmense raakgesien het en by hulle gestop het om hulle te help. Daar was siekes, blindes, dowes, moedeloses, treurendes, bedelaars en selfs 'n kreupel man wat vir oor die 30 jaar by die bad van Betesda lê. En nou het Hy ons raakgesien en Hy het onder ons kom woon. Hy het nie maar net tydelik gestop om te help nie. Nee, Hy het vir altyd onder ons kom woon. God die Vader het sy enigste Seun gegee om deur die maagdelike geboorte 'n menslike natuur aan te neem. Die Woord wat God is en bly, het mens geword!

Jesus Christus het vir altyd onder ons kom woon. Dit is die vervulling van die ou verbond wat God met sy volk in die Ou-Testamentiese bedeling gesluit het. Toe het God belowe dat Hy Hom aan sy gelowige kinders verbind. Toe God in en deur sy Seun onder ons kom woon het, is dit die begin van die nuwe verbond. Nou is dit 'n ryker en voller verbinding, want God kom vir altyd by ons woon.

Daar was nog iets wat ons verhouding met God gehinder het, en dit was ons sondeskuld. Maar môre gedenk ons die wonder van die kruis waar Jesus in ons plek ten volle betaal het. Nou is ons vrygespreek en is ons saamwees met God een van vrede en liefde (Rom. 5:1). En God woon deur sy Gees in ons harte en niks kan ons van sy liefde skei nie. In ons leef 'n lewende hoop, want ons gaan eendag vir altyd saam met God op 'n nuwe aarde woon.

Sing: Skrifberyming 18-7:1, 9

Dr. SJ van der Walt (Kobus) (emeritus)